GRONDMENGSEL

CHARLES CERONIO

GRONDMENGSEL

Omdat Akasias meestal in klipperige en sanderige leemgronde voorkom, is dit noodsaaklik dat hulle in soortgelyke omstandighede gekweek moet word.

Dit is dus belangrik om klei sover moontlik te beperk, aangesien dit die vorming van sywortels en haarwortels beperk.

Sanderige grond het die voordeel dat sy- en haarwortels makliker ontwikkel en dit skakel die onnodige lang penwortel uit.

Die aanbevole grondmengsel na my mening en ervaring sien as volg daaruit:

Een deel leemgrond
Drie dele growwe sand
Twee dele kompos
Halwe deel Veen

By 'n kruiwavra van hierdie mengsel voeg ek 1 kg beenmeel by.

DIE KEUSE EN HANTERING VAN JONG AKASIA BOME

KOOS LE ROUX

KENMERKE VAN DIE GESKIKTE PLANT

Daar moet op die volgende gelet word voordat boompies aangekoop word:

* Soek 'n gesonde geilgroeiende boom wat in 'n goeie geheel indruk op jou maak.
* Neem die boom met die dikste stam, mees interresante vorm met goeie "taper" moontlikhede.
* Vermy vorme met knoetsige en onooglike wortels wat hoog bo die grond uitsteek.
* Soek 'n boom met dikkerige raamtakke wat goed gespasieer is met 'n wawiel verspreiding.

HANTERING VAN JONG BOME

Bome dunner as 25mm

Op hierdie stadium is die primere doel om stamverdikking en 'n goeie "taper" te bewerkstellig. Die volgende stappe kan gevolg word:

1. Besluit voorlopig oor die grootte en die styl van die boom. Dit sal die hoogte, apeks en die eerste raamtakke bepaal.Kyk eers na die wortels om die voorkant te bepaal. Dit sal 'n invloed op die snit hê. As die boompie net 'n lang reguit stam is, sny die stam af op die hoogte wat jy die boom se takke wil hê.
2. Ontbloot dan die wortels en bepaal die voorkant van die boom.